

KENNISGEWING 173 VAN 2021**STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT KENNISGEWING VIR DIE AANSOEKE: HERSONERING IN TERME VAN ARTIKEL 16 (1) EN OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES IN TERME VAN ARTIKEL 16(2) VAN DIE STAD TSHWANE GRONDGEBRUIKBESTUURSKEMA VERORDENING, 2016.**

Ons, **UrbanSmart Planning Studio (Edms) Bpk**, synde die gemagtigde agent van die eienaar van **Erf 65 Groenkloof Dorpsgebied**, gee hiermee ingevolge artikel 16(1)(f) van die Stad van Tshwane Grondgebruikbestuur Verordening, 2016, kennis dat ons by die **Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit** aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (Hersien 2014), in werking, deur die hersonering in terme van Artikel 16(1) as ook die opheffing van sekere beperkende voorwaardes in terme van Artikel 16(2) van die Stad van Tshwane Grondgebruikbestuur Verordening, 2016, van die eiendom hierbo beskryf. Die eiendom geleë te Herbert Baker Straat 6 in die Groenkloof Dorpsgebied.

Die hersonering van **Erf 65 Groenkloof Dorpsgebied**, is **VAN "Residensieel 1"**, met 'n digtheid van twaalf (12) wooneenhede per hektaar; 'n dekking van vyftig (50) persent; 'n hoogte van twee (2) verdiepings (10 m); 'n nie-toepaslike vloeroppervlakteverhouding; 'n minimum erfagrootte van 833 vierkante meter en verder onderworpe aan sekere voorwaardes. **NA "Besigheid 4, vir Kantore en 'n wooneenheid"** met 'n digtheid van een (1) woonhuis; 'n dekking van sestig (60) persent; 'n nie-toepaslike vloeroppervlakteverhouding, met dien verstande dat die bruto vloeroppervlakte van kantore tot 394 vierkante meter beperk word; 'n hoogte van twee (2) verdiepings (10 m); 'n nie-toepaslike erfagrootte; en verder onderhewig aan sekere gewysigde bou- en ontwikkelingskontroles en algemene voorwaardes.

Die voorneme van die eienaars van die eiendom in hierdie saak is: om die huidige sonering van "Residensieel 1", te wysig na "Besigheid 4, vir kantore en een (1) woonhuis" asook die toepaslike ontwikkelingskontroles te wysig om voorsiening te maak vir kantore en een woonhuis op die eiendom. Die aansoek vorm deel van 'n gelyktydige opheffing van titelvoorwaardes aansoek om sekere voorwaardes uit die onderskeie transportakte te verwyder wat verhoed dat die erf (a) gebruik word vir enige ander doel as 'n woonhuis en (b) om meer as een woonhuis met bykomende buitegeboue op die eiendom te akkommodeer.

Die doel van die opheffing van beperkende voorwaardes aansoek is om voorwaardes B.9 en B.11(a)-(d) in titelakte T73857/2002 te verwyder.

Die voorneme van die eienaars van die eiendom in hierdie saak is: om die beperkende en oorbodige voorwaardes soos vervat in die titelakte T73857/2002 te verwyder om die eienaars van die eiendom in staat te stel om die huidige grondgebruiksregte en ontwikkelingskontroles van die eiendom te wysig om voorsiening te maak vir kantore en een (1) woonhuis op die genoemde erf.

Enige besware en/of kommentare wat duidelik die gronde van die beswaar en die persoon(ne) se regte uiteensit en aandui hoe hulle belange deur die aansoek geaffekteer gaan word, asook die persoon(ne) se volle kontakbesonderhede, waar sonder die Munisipaliteit nie met die persoon(ne) kan korrespondeer nie, moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf **3 Februarie 2021** (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing ingevolge Artikel 16(1)(f) van bogenoemde Verordening, 2016), skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling, ingedien of gerig word by Posbus 3242, Pretoria, 0001, of na CityP_Registration@tshwane.gov.za tot **3 Maart 2021** (nie minder nie as 28 dae na die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing).

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan deur die Munisipaliteit aangevra word, deur sodanige afskrif van die volgende kontakbesonderhede te versoek: newlanduseapplications@tshwane.gov.za of direk van die applikant by nadia@urbansmart.co.za / info@urbansmart.co.za, vir 'n periode van 28 dae vanaf die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant, Beeld en Citizen.

Adres van Munisipale Kantore: Kamer LG004, Isivuno House, 143 Lilian Ngoyi Straat, Pretoria Munisipale Kantore.

Sluitingsdatum vir enige beswaar(e) en/of kommentaar(e): 3 Maart 2021

Adres van agent: UrbanSmart Planning Studio (Pty) Ltd; P.O. Box 66465, Woodhill, Pretoria, 0076; 9 Warren Hills Close, Woodhill, Pretoria. Tel: (082) 737 2422 Fax: (086) 582 0369. Ref: R525 & RRC508

Dag waarop die kennisgewing sal verskyn: 3 Februarie 2021 and 10 Februarie 2021

Verwysings no: CPD 9/2/4/2-5762T & CPD/0260/65

Item No: 32441 & 32652